Vandag se voorbeeld, môre se maatstaf
Today's example, tomorrow's benchmark

27 November 2023

Geagte Ouers

**OMSENDSKRYWE RAKENDE BAMBI SKOOLFOOIE VIR 2024**

Ons rig hierdie omsendbrief aan u om die benadering ten opsigte van die samestelling en uiteensetting van skoolfooie, sowel as die verhoging daarvan van 2023 na 2024, te verduidelik.

**Samestelling van skoolfooie**

*Ons kinders is ons fokus*
Die vertrekpunt met die samestelling van die fooie wat Bambi hef kan niks anders wees as ons kinders nie: die baba's, peuters en kleuters van Bambi.

In die 62 jarige bestaan van Bambi, het Bambi deurgaans die hoogste standaarde van sorg, ontwikkeling en opvoeding vir die kindertjies van Bambi gehandhaaf. Die pilare van hierdie wenresep is:

- Christelike onderwys ondersteun deur 'n beproefde, onafhanklike en gestandaardiseerde kurrikulum;
- Gekwalifiseerde, toegewyde onderwyseresse met toegewyde, geskoolde assistente vir elke klasgroep;
- Beperkte klasgroottes om te verseker dat daar na elke kind as individu omgesien word;
- Doelgerigte speelgoed en ruim klaskamers met voldoende toiletgeriewe vir elke klasgroep;
- Veilige en ruim speelterreine met kwaliteit apparate en fasiliteite en voldoende toesig.

Die hoofoorweging met die samestelling van die fooie is dus die instandhouding van hierdie pilare ten einde te verseker dat daardie hoë standaarde van sorg, ontwikkeling en opvoeding steeds vandag en ook môre vir ons kinders gehandhaaf word.

*'n Nie-winsgewende vereniging*
Die balanserende, en ewe belangrike, oorweging spruit uit die wese van Bambi en die aard van die struktuur, te wete dat dit 'n nie-winsgewende vereniging is wat deur die ouers van die kinders in die skool, soos verteenwoordig op die Beheerraad, bestuur word.
Hierdie unieke eienskap onderskei Bambi as 'n vereniging van ander privaatskole waar die kinders as't ware met die eienaar se sak kompeteer. Omdat die fooie wat Bambi hef nie 'n winskomponent bevat nie, kan u verseker wees dat alle gelde gevorder, ten bate van ons kinders aangewend word en dat ons as ouers nie 'n addisionele premie betaal ten einde 'n wins vir 'n eienaar of belegger te lewer nie.

## Uiteensetting van skoolfooie

*"Pay-as-you-go"*
Bambi se fooiestruktuur is daarop gemik om ons as ouers slegs te laat betaal vir die dienste van die skool wat ons en ons kinders benut.

Hierdie "pay-as-you-go" benadering lei weliswaar tot 'n fooistruktuur wat meer aspekte het as ander privaat kleuterskole, wat 'n vaste fooi hef ongeag die dae of ure wat die kindertjies by die skool is, of wat hulle verbruik. Dit verseker egter deursigtigheid en beperk die finansiële las op ouers. Byvoorbeeld, as u kind nie namiddae by die skool is nie, betaal u nie vir die naskool nie en as u kind slegs enkele middae by die naskool vertoef, betaal u slegs vir middae wat u kind wel by die naskool aansluit.

Om die verskillende aspekte van die fooistruktuur verder te verduidelik volg 'n puntsgewyse beskrywing van elke fooi gehef:

- Skoolfooie: Hierdie is die kern fooi en befonds die ontwikkeling en opvoeding wat die kinders by Bambi ontvang tot om 14:00 elke dag. Bambi tref ook onderskeid tussen fooie vir babas en peuters, wat meer aandag verg en gevolglik kleiner klassies het, en kleuters. Neem asseblief kennis dat die Peuterfooi vir die hele jaar van toepassing is op die Peuterklas leerders. Skoolfooie word ook gebruik om die uitstappies en instappies asook Spesiale geleenthede te befonds.
- Naskoolfooie: Hierdie fooie is slegs van toepassing indien u kinders in die namiddag ook by Bambi bly. Die fooi is maandeliks vooruitbetaalbaar.
  Daar is ook 'n pakket wat u kan kies waar u slegs vir die enkele middag betaal wat u kind die Naskool bywoon. Hierdie middae moet vooruit bespreek en betaal word.
  Die Naskool voorsien middagetes. Leerders moet hul eie botteltjie water saambring.

- Vakansiegelde: Hierdie fooie word gehef indien u kind gedurende skoolvakansies by Bambi bly.

- Registrasiefooie (Klasfondse ingesluit):
  - Registrasiefooie is betaalbaar voor die begin van die skooljaar vir beide die skool en die naskool. Die verhaling van 'n groter komponent van die jaarlikse skoolfooie aan die begin van die skooljaar d.m.v. 'n registrasiefooi befonds die oneweredige verspreiding van Bambi se uitgawes, waar die skool meer uitgawes aan die begin van die skooljaar het ten opsigte van onderhoud, versiening, skoonmaak en dies meer, as deur die loop van die jaar. Hierdie fooi word ook dan verhaal waar kinders later in die skooljaar by Bambi aansluit om konsekwent te wees ten opsigte van kinders en ouers wat reeds die fooi met die begin van die skooljaar betaal het. Let asseblief daarop dat Bambi geen deposito bo en behalwe 'n registrasiefooi hef nie.
  - Klasfonds vorm deel van die Registrasiefooi en word gehef om items soos onder meer skryfbehoeftes en ander verbruiksgoedere wat die kindertjies in die klas gebruik aan te koop. Deur aankope grootmaat te doen verkry Bambi beter aankooppryse en verseker ook eenvormigheid binne die klasse.

***Fooie oor 11 maande gehef***

- Dit is belangrik om te let dat Bambi se fooie oor 11 maande verhaal word en nie die volle 12 kalender maande, soos die meeste ander skole nie. **Dit geld ook vir die Naskool.**
- Ouers wat die volle jaar se skoolfooie teen 29 Februarie 2024 betaal, kwalifiseer vir 10 % afslag.

**Verhoging van skoolfooie vir 2024**

Die verhoging van skoolfooie met ingang vanaf Januarie 2024 spruit uit die realiteit dat Bambi se kostebasis uitgelewer is aan dieselfde verhogings en stygings wat ons as ouers ook ervaar.

Om as verantwoordelike en verantwoordbare verteenwoordigers van die ouers op te tree, het die Beheerraad breedvoerig marknavorsing gedoen ten opsigte van fooie gehef en dienste gelewer. In die verband is gevind dat Bambi konsekwent 'n beter kwaliteit diens aan kinders en ouers bied. Alhoewel verhogings en stygings in die mark teen 10% plaasvind het die Beheerraad besluit om slegs 'n verhoging van ongeveer 8,5 % te hef op skoolfooie vir 2024. Die skoolfooie vir 2024 sluit ook alle toiletware soos toiletpapier, tissues ens, in.

Gevolglik het die Beheerraad die fooie vir 2024 soos volg vasgestel:

| | Skoolfooie | Registrasie | Naskool gelde | Naskool Registrasie |
|---|---|---|---|---|
| | *Per maand oor 11 maande* | *Eenmalig* | *Maandeliks Soos van toepassing* | *Eenmalig* |
| **Babas** | R3 450.00 | R2 000.00 | | |
| **Babas Naskool** | R1 390.00 | R 470.00 | | |
| **Peuters** | R2 960.00 | R2 000.00 | R1 550.00 | R470.00 |
| **Kleuters** | R2 650.00 | R2 000.00 | R1 360.00 | R470.00 |

Daar is ook versoek dat ekstra gelde wat betaalbaar is gedurende vakansies ook deurgegee word aan ouers. Hierdie fooie word gehef indien u kind gedurende skoolvakansies (soos deur die Onderwys Departement bepaal) van Bambi se dienste gebruik maak:

| Ekstra kostes – Vakansie | | | |
|---|---|---|---|
| | **Bedrag** | **Hoeveelheid dae** | **Totaal** |
| **Kleuters** | R 80 (oggende) | 24 | R1 920.00 |
| **Peuters** | R 90 (oggende) | 24 | R2 160.00 |

**Neem asseblief kennis dat bogenoemde Vakansiefooie slegs van toepassing is op voltydse Naskoolkinders. Vakansiebesprekingsvorms word vooraf uitgegee met al die nodige fooie op.**

| Maande | Vakansiedae | Kleuters | Peuters |
|---|---|---|---|
| **Januarie** | | | |
| **Februarie** | | | |
| **Maart** | 5 | R400.00 | R450.00 |
| **April** | | | |
| **Mei** | | | |
| **Junie** | 9 | R720.00 | R810.00 |
| **Julie** | 6 | R480.00 | R540.00 |
| **Augustus** | | | |
| **September** | 4 | R320.00 | R360.00 |
| **Oktober** | | | |
| **November** | | | |
| **Desember** | | | |
| **Totaal** | **24** | **R1 920.00** | **R2 160.00** |

**Ten slotte**

Ons vertrou dat hierdie brief vir u as ouer 'n beter begrip van die samestelling en uiteensetting van skoolfooie, sowel as die verhoging daarvan van 2023 na 2024 bied. Ons verwelkom enige terugvoer en/of navrae te wete op 'n individuele grondslag via die skoolkantoor.

**HERMAN SERFONTEIN**
**VOORSITTER BEHEERRAAD**

**MORNé STEYN**
**BEHEERRAAD FINANSIES**

**LIEZE BRUMMER**
**SKOOLHOOF**